# Die HEILIGE GEES

# UITGESTORT

10 Dae van Gebed

7-17 Januarie 2026

Adventist Children's Ministries

# INLEIDING

Halou Maats!

Het jy al ooit gewonder hoe die hemel lyk? Of hoe die Heilige Gees in jou lewe werk? Maak gereed, want jy gaan 'n groot avontuur beleef saam met Lukas, 'n baie nuuskierige outjie, en sy vriend, die engel Orél.

Saam stap hulle deur die Nuwe Jerusalem en ontmoet mense uit die Bybel soos Moses, Josua, Dawid, Stefanus, Paulus — en selfs Johannes die Doper! Elkeen van hulle sal vertel hoe die Heilige Gees vir hulle krag gegee het in die spesiale oomblikke van hulle lewe. En die wonderlikste deel is dat dieselfde Gees ook in jóú lewe wil werk!

Soms gee die Heilige Gees vir ons spesiale talente; ander kere help Hy ons om dapper leiers te wees of om die Bybel beter te verstaan. Hy moedig ons aan om gesond te leef, gee vir ons krag wanneer ons swaarkry, help ons op as ons misluk, en inspireer ons om Jesus met ander te deel.

Na elke storie is daar pretaktiwiteite: inkleur, teken, skryf, bid, en selfs doen-dinge saam met jou gesin en vriende—dit alles sodat jy nie net die storie lees nie, maar dit self beleef!

So, maak jou oë groot oop, kry jou hart gereed, en kom saam met Lukas en Orél op hierdie reis. Hulle gaan jou wys dat die Heilige Gees nie 'n vreemde geheim is nie, maar 'n goeie Vriend wat elke dag by jou wil wees — en met krag in jou lewe wil werk.

Wow! Is jy gereed?

Kom ons spring aan die werk!


**Titel:**
Die Heilige Gees Gee Krag

**Skrywers:**
Ler. Francesco Marquina and Angie Valdez, MPH

**Vertaal in Afrikaans:**
Elzette Pelser

'n Produksie van Adventiste Kinderbedieninge
children.adventist.org - faithfinders.com



**Kopiereg © 2025**
Wêreldkonferensie van die Sewendedag Adventistekerk

# DIE HEILIGE GEES

Wow! My ore tuit nog steeds… soveel trompette wat almal gelyk blaas! Dit was ongelooflik om die aarde te voel bewe toe Jesus praat. Orals om my het mense uit die grond uit opgestaan en hulle het geskyn met ’n pragtige helder lig! Opgewonde engele het die verlostes uit hulle grafte uit opgehelp en hulle vriende toe vir die eerste keer in hul arms vasgehou. Skielik het ’n lig soos ’n reënboog my toegevou. Eers was ek bang, maar toe sien ek dat baie ander mense rondom my ook begin skyn, net soos ek! Ek het ’n vrede gevoel wat ek nie kon beskryf nie. My liggaam het nuut en sterk gevoel, en ek was baie bly. Dit was die beste gevoel ooit!...Wow!

“Lukas! Lukas! Ek praat met jou,” sê Orél.

“Ag, jammer, Orél,” sê Lukas met ‘n glimlag. “Ek is nog heeltemal verstom… Alles is so mooi hier!” Hy stap stadig na ’n pragtige groot boom wat sy aandag trek.

“Ek weet, Lukas,” sê Orél terwyl hy agter hom aan draf. “Ek het lank gewag om met jou te kan praat en vir jou die Nuwe Jerusalem te wys. Jy was nog altyd so nuuskierig, my klein maatjie! Al het jy dit nie geweet nie, pas ek jou nou vir meer as 8 jaar al op.” Orél lag vrolik en trek vir Lukas nader vir ’n drukkie.

“Dankie, Orél…Ek hou van jou naam. Wat beteken dit?” vra Lukas nuuskierig.

“Orél beteken ‘Lig van God’,” antwoord hy met ’n sagte glimlag. “Ek het lank gelede daardie naam gekry… maar daardie storie gaan ek jou later vertel. Maar kom eers saam, Lukas, ek wil hê jy moet iemand baie spesiaal ontmoet.” Orél vat Lukas aan die hand en lei hom na iemand toe.

Toe Lukas voor die persoon staan, besef hy — dit is Jesus! Hy probeer iets sê, maar kry nie ‘n woord uit nie. Sy hart klop opgewonde. Hy het gesien hoe Jesus met groot heerlikheid en krag terugkom aarde toe en nou staan Jesus hier reg voor hom!

“My liewe Lukas,” sê Jesus met ’n warm glimlag. “Hier in die hemel hou ons daarvan om lekker te kuier.” Jesus lag saggies. “Ek is só bly jy is hier! Dankie, Orél, dat jy hom gebring het”.

Lukas hardloop en gee vir Jesus ‘n stywe drukkie. Trane van blydskap rol oor sy wange. Al wat hy kan uitkry, is: “Dankie! Dankie, Jesus! Dankie!”

“O, My liewe seun,” sê Jesus met liefde. “Ek het dit alles vir jou gedoen. Jy het in My geglo, na My geluister, en selfs as kind het jy My jou hart gegee. Die Heilige Gees het jou gehelp en in jou hart gewerk — dis hoekom jy nou hier is. Nou het ons ‘n ewigheid voor ons om te gesels, te speel, te lag en te leer.”

“Die Heilige Gees?” vra Lukas saggies. “Ek het nog nooit regtig verstaan wie Hy is nie…Op aarde het niemand dit mooi aan my verduidelik nie.” Lukas se ogies is vol trane van blydskap.

Jesus draai na Orél. “My liewe Orél, skyn asseblief die lig van God op hierdie kind sodat hy die Heilige Gees kan leer ken. Ek los hierdie belangrike taak vir jou.”

"Natuurlik, my Here Jesus," antwoord Orél opgewonde. "Ek sal my beste doen".
Jesus het hulle gegroet en verder gegaan.

"Lukas, noudat jy in die hemel is, is dit belangrik dat jy van die Heilige Gees leer," sê Orél terwyl hy sy hand in die lug beweeg — en skielik verskyn daar iets soos 'n deurskynende glaspaneel bokant hulle in die lug! "Hier, kyk saam met my. Ek wil vir jou 'n vers in die Bybel wys. As ek reg onthou, is dit in…ja, hier is dit — Johannes 14:16–17!" sê Orél terwyl hy sy vinger oor die drywende glas trek.

Lukas stap nader en probeer lees wat daarop geskryf staan. Eers lyk die letters vreemd, maar Orél glimlag en sê: "Dis antieke Grieks." Toe begin Lukas lees, en hy besef tot sy verbasing dat hy alles verstaan!!

Hy lees, "En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Helper gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Hy is die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."

"Toe die Here Jesus op aarde was," verduidelik Orél, "het Hy geweet dat Hy nie vir altyd by Sy dissipels kon bly nie. As 'n mens was Hy beperk — Hy kon nie al Sy krag gelyk gebruik nie. Daarom het Hy belowe om die Heilige Gees te stuur om by ons te wees en ons te lei."

"Dis vreeslik interessant, Orél!" sê Lukas opgewonde. "Ek was nog altyd nuuskierig oor die Heilige Gees…"

"Wel," sê Orél met 'n glimlag, "toe Jesus hemel toe is, het die Heilige Gees gekom en almal op aarde gehelp om naby aan Jesus te leef. Hy werk stil, maar kragtig — en jy, liewe Lukas, is 'n voorbeeld van Sy werk! Dis hoekom jy nou saam met my hier in die hemel is."

"Wow! Ek wil alles van Hom af weet! Vertel my meer, Orél!" sê Lukas gretig,

"Ek het 'n beter idee," sê Orél vinnig. "Ek gaan jou voorstel aan 'n paar mense wat self die Heilige Gees **ervaar het.**"

"Ek kan nie wag nie!" sê Lukas terwyl Orél na 'n drywende kaart van die Nuwe Jerusalem voor hulle wys. 'n Rooi kolletjie flikker naby aan waar hulle staan.

"Goed, maak gereed! Ons altwee gaan nou hierdie mense ontmoet…Kom saam!" roep Orél terwyl hy in die rigting van die rooi liggie op die kaart begin hardloop met Lukas kort op sy hakke.

"Kom ons gaan."


---

✔ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:………………………………………… Datum:……………… Handtekening ………………………………

## Kom ons **WERK!**

Lees die teks in Openbaring 21:2 en verf of kleur die prent van die Nuwe Jerusalem in. Skryf in jou eie handskrif die volgende woorde in die blokkie: “Ek wil hier bly.” Knip dan jou prent uit en sit dit op ’n plek in jou huis of in jou kamer waar jy dit elke dag kan sien..



## Kom ons BID

Hier is ‘n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat jy die Heilige Gees beter sal leer ken en dat hy kragtig in jou lewe sal begin werk..
2. Bid dat Jesus binnekort sal kom sodat ons vir ewig saam met Hom sal lewe.

# Die Heilige Gees

## GEE VIR ONS SPESIALE TALENTE

“Ons het al honderde myle gehardloop!” sê Lukas toe hy Orél inhaal. “Dis ongelooflik dat ek glad nie moeg voel nie — eintlik wil ek net aanhou met hardloop!”

“Hier het jou menslike vermoëns weer in hulle volle krag herstel, liewe Lukas,” antwoord Orél terwyl hy na die drywende kaart kyk en in die pragtige tuin om hom rondsoek.

“Herstel? Wat bedoel jy?” vra Lukas vinnig.

“In die begin het God vir Adam en Eva volmaak geskape,” verduidelik Orél. “Hulle liggame en verstande was sterk en gesond — op hulle beste.”

“Maar toe was hulle ongehoorsaam aan God, en hulle het van Hom af weggedraai, en sonde het God se mooi plan vir hulle bederf.”

“In jou tyd het mense swak geword as gevolg van die sonde. Dink net wat meer as sesduisend jaar van sonde aan die menslike liggaam en selfs aan die natuur gedoen het!” sê Orél verder. “Maar dis ’n lang storie vir ’n ander keer…Ons is nou by die regte plek.”

Op daardie oomblik sien Lukas die pragtige tuin waarin hulle nou net aangekom het. Daar was blomme van elke vorm en kleur — en hulle het selfs van kleur verander soos wat die son beweeg het! Die mure van die geboue daar naby was van glas, metaal en edelstene gemaak — party daarvan het Lukas nog nooit van naby gesien nie.

“Dis ongelooflik mooi, Orél,” sê Lukas terwyl hy ’n kristalmuur van nader bekyk. “Kyk net na die fyn detail! Daar’s goue en silwer draadjies wat tussen blompatrone van smarag ingeweef is. Wow! Ek het nog nooit in my lewe ’n smarag gesien nie — dis so mooi…”

“O! Ek’s jammer!” sê Lukas verbaas toe hy in iemand vasloop.

Die man staan op en lag. “Dis glad nie jou skuld nie, seun,” sê hy vrolik. “Ek was self verstrooid — ek kan nie ophou kyk na al die wonderlike besonderhede van hierdie plek nie. Elke dag sien ek iets anders wat my aandag trek.”

“O, Lukas! Jy het vir Besaleël gekry!” sê Orél opgewonde. “Ek wou hom nog aan jou voorstel — maar ek sien julle het mekaar sommer al klaar gegroet!” lag hy.

“Besaleël! Wat ’n voorreg om jou te ontmoet,” sê Lukas.

“Die voorreg is myne,” antwoord Besaleël glimlaggend, terwyl hy nuuskierig na Orél kyk wat met sy vinger op die drywende glas rondblaai, op soek na iets.

“Hier is dit! Ek het dit gekry!” sê Orél terwyl hy na ’n iets wys wat in vreemde letters geskryf staan. “Dis in antieke Hebreeus, maar ek dink nie jy gaan sukkel om dit te verstaan nie.”

Hulle twee leun nader en lees dit maklik saam.

Bo-aan staan daar:
Eksodus 31:1–5: “Die Here het met Moses gepraat en gesê: ‘Kyk, Ek het Besaleël, seun van Uri, seun van Gur, van die stam van Juda, by die naam geroep. Ek het hom met die Gees van God vervul – met wysheid, insig en kennis, en met al die nodige vakmanskap, om vindingryke planne te beraam vir die werk met goud, silwer en brons, en vir die bewerking van edelstene vir monterings, en die bewerking van hout, om dit te doen met al die nodige vakmanskap.’”

“O, ja, dis ek!” sê Besaleël bly. “God het my baie geseën toe ek op aarde was.”

“Vertel my asseblief hoe die Heilige Gees jou gebruik het,” vra Lukas nuuskierig. “Ek wil graag weet.”

“Van kleins af het ek daarvan gehou om met klippe en verskillende materiale te speel en te werk,” verduidelik Besaleël terwyl hy na Lukas kyk. “Toe ek ouer word, het ek besef ek het ’n besondere talent om mooi dinge met my hande te maak. Ek het toe besluit om altyd getrou aan God te wees en my talente vir Hom te gebruik.”

“God het my gebede gehoor en Sy Heilige Gees oor my uitgestort. Moses, ’n groot leier, het my gevra om te help bou aan die grootste bouprojek in die heelal! Ek en my vriende het die voorreg gehad om God se tent, Sy tabernakel, te bou sodat Hy naby Sy kinders kon wees. Wanneer ons die Here met ons hele hart wil dien, gee Sy Gees vir ons nog meer talente,” sluit Besaleël af.

“Jy het die mooiste werk gedoen wat op aarde bestaan het,” sê Orél met respek. “Jou hande het ’n huis vir God op die aarde gemaak — wat ‘n groot voorreg!”

“Jy is ’n ongelooflike kunstenaar!” sê Lukas bewonderend. “Nou verstaan ek hoekom jy so graag na die besonderhede in die muur kyk. Ek het baie by jou geleer, Besaleël. Baie dankie!”

“Dis ’n plesier, ou seun,” antwoord Besaleël met ’n glimlag. “Mag die Heilige Gees ook op jou talente uitgestort word, sodat jy kan aanhou groei in jou kennis van God. Hier in die hemel is daar soveel om te leer! Hier is daar geen einde aan kennis nie!

Orél en Lukas groet vir Besaleël, wat weer aandagtig na die pragtige kristalmuur kyk.

“Is jy gereed om die volgende persoon te ontmoet?” vra Orél terwyl ‘n rooi kolletjie op die drywende kaart begin flikker.

“Kom ons gaan!” roep Lukas opgewonde.

---

✔ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:…………………………………………… Datum:………………… Handtekening ………………………………….

# Kom ons WERK!

**Watter talente het jy?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**Watter talente wil jy graag hê?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

1. Gebruik een van jou talente om iets moois te doen vir iemand wat nog nie vir Jesus ken nie.

2. Kies ’n gawe of talent wat jy graag wil hê, en maak ’n kaartjie waarop jy vir Jesus vra om vir jou daardie talent te gee sodat jy dit vir Hom kan gebruik. Sit dan die kaartjie op ’n plek in jou huis waar jy dit elke dag kan sien.

# Kom ons BID

Hier is ‘n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

.

1. Bid dat die Heilige Gees oor jou uitgestort sal word en vir jou buitengewone talente sal gee.

2. Bid dat Jesus vir jou geleenthede sal gee om jou talente te gebruik om jou familie en vriende te help om Hemel toe te gaan.

# Die Heilige Gees

## MAAK ONS LEIERS

Die flikkerende rooi liggie op die kaart het gaan stilstaan by die oewer van 'n groot rivier. Daar was baie mense aan albei kante van die rivier. Leeus, lammetjies en baie ander diere het rustig saam met die mense gespeel. Alles was stil en vreedsaam.

"Watter plek is dit hierdie, Orél?" vra Lukas nuuskierig.

"Ons staan op die rivieroewer van die Water van die Lewe," antwoord Orél vinnig. "Hierdie rivier vloei deur die hele Nuwe Jerusalem, en die wonderlikste is dat dit reguit van die troon van God af kom!"

"Wow! Dis pragtig!" roep Lukas uit en hardloop om die been van 'n kameelperd te gaan vashou. Die kameelperd het langs die rivier gestaan en die vrugte van 'n reuse boom geëet.

Mense het nadergestap toe hulle sien hoe die kameelperd se lang tong Lukas se kop lek in 'n vriendelike groet, maar hom heeltemal vol spoeg maak.

"Hier, gebruik hierdie lappie," sê Orél en gee vir Lukas 'n sagte doek. "Dit is gemaak van 'n spesiale materiaal wat ge—"

Hy word onderbreek. "Wat die seuntjie rêrig nodig het, is 'n lekker swem in die rivier! Daardie kameelperd het my presies so gegroet toe ek haar die eerste keer ontmoet het," sê 'n man en kyk glimlaggend na Orél.

Lukas sien iets besonders aan die man: sy gesig straal met 'n sagte lig, sy oë is vol liefde, en sy stem klink vol vrede.

"Wie is jy?" vra Lukas. "Dit voel of ek jou ken."

"Jy staan voor die beroemde Moses," antwoord Orél.

"Beroemd? Ek?" sê Moses met 'n vriendelike glimlag. "Ek is al baie jare hier, vanaf die dag toe God my opgewek het en my hierheen gebring het om by Hom te kom woon. Daarom ken ek hierdie liefdevolle kameelperd so goed. Kom, Lukas, gaan was jou in die rivier."

Lukas volg hom tot by die water en kyk verwonderd na die perfekte, rustige rivier. Dit lyk soos kristal, maar dit vloei soos water. Moses kniel, skep water met albei hande op en spoel dit oor Lukas. "Wow! Hoe verfrissend!" sê Lukas. Hy voel so skoon — maar hoe?

"Lukas, jy staan nou by Moses. Laat ons nie die kans mis om by hom te leer nie," sê Orél, terwyl hy met die drywende glas nader kom. 'n Bybelvers flikker op die skerm.

"Daar is 'n besondere toneel uit Moses se lewe wat ons gaan help om die Heilige Gees beter te verstaan." Lukas lees Numeri 11:16–17 hardop: "Die Here sê toe vir Moses: 'Maak vir my sewentig manne uit die oudstes van Israel bymekaar, van wie jy die ervaring het dat hulle die oudstes van

die volk en opsieners is. Neem hulle dan na die Tent van Ontmoeting en laat hulle daar by jou staan. Ek sal afkom en daar met jou praat. Ek sal 'n deel van die gees wat op jou rus, wegneem en op hulle plaas. Hulle sal dan saam met jou die las van die volk dra sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.'"

"**O!**" sê Moses. "Ek onthou dat ek dit baie jare gelede geskryf het. Prys die Here, ons goeie God, wat alles wat Hy belowe het laat gebeur het! Lukas, ek is verstom oor hoe goed jy die antieke Hebreeus kan lees…Dis ongelooflik!"

"Moses, die **Heilige Gees** was met jou, en God het Hom ook met ander mense gedeel? Wow!" Lukas vra haastig. "Was jy die eerste van die Israeliete wat Die Heilige Gees ontvang het? Dit moes wonderlik gewees het. Hoe het dit gevoel? Wat kon jy alles doen? Was jy bang?"?"

"My liewe kind," antwoord Moses, "jou vrae laat baie herinneringe en stories na my toe terugkom. Ek was maar 'n gewone man wat net my beste vir God probeer doen het. Ek het baie foute gemaak, maar die Here het my in Sy groot liefde vergewe en alles weer reggemaak. Was ek bang? Ja, natuurlik! Ek het Egipte verlaat met meer as **twee miljoen** mense—'n moeilike volk. Ek het nie geweet wat om te doen nie, en as die Gees van God my nie gelei het nie, weet ek nie hoe my storie sou geëindig het nie.

"God het Sy Gees vir my gegee om Sy volk deur die Rooisee en in die woestyn te lei. Daar was baie probleme! Ons het geen kos gehad nie, baie min water, en daar was wilde diere wat ons wou aanval. Die mense het teenoor God gekla en gebrom. Daarom het die Here nog manne gekies om my te help om die volk te lei, en Hy het dieselfde Gees vir hulle gegee, sodat ons almal die regte dinge kon doen.

"Die Gees van God het ons gehelp om die volk tot by Kanaän, die Beloofde Land, te neem. Ek het nie self in daardie land ingegaan nie, maar kyk waar is ek nou—in God se hemelse land! God kom Sy beloftes na! Die Heilige Gees gee vir ons die krag om God se mense te lei!"!"

"Wow, Moses! Dis ongelooflik!" sê Lukas. "Ek dink nie daar is nog 'n mens met sulke stories soos jy nie. Ek wil dit alles hoor!"

"Natuurlik! Net wanneer jy ook al wil gesels—ek sal vir jou wag by daardie boom waarvan die wortels aan albei kante van die rivier groei." Lukas se oë rek groot toe hy besef dat die boom waarna Moses wys, die Boom van die Lewe is. In sy gedagtes het hy alreeds baie vrae gehad.

Orél sien dit en sê vinnig: "Lukas, dit is tyd om te gaan. Ons moet nog na 'n baie ver plek gaan." Hy wys na die drywende kaart. Die kaart was nie meer plat nie—daar was klein gloeiende balletjies op, en 'n rooi liggie het op een van hulle geskyn.

"Gaan ons na 'n ander planeet**?**" vra Lukas opgewonde. Orél glimlag en klink soos Moses toe hy sê: "Natuurlik! Waarvoor wag ons?" Hulle albei groet vir Moses en vertrek uit die sterrestelsel.

---

✔ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:…………………………………………… Datum:……………… Handtekening ………………………………

## Kom ons WERK!

1. Teken een van die tonele uit Moses se lewe wat jou die meeste beïndruk het op ‘n stuk papier en kleur dit mooi in. Dit kan een van die plae in Egipte wees, hoe die Rooi See oopgemaak het, hoe manna uit die hemel geval het, ens.

2. Gee jou tekening vir jou predikant of een van die ouderlinge. Skryf op die agterkant ’n boodskap om jou predikant of ouderling aan te moedig in hulle werk om die gemeente te lei. Sê vir hulle dat jy belowe om te bid dat die Heilige Gees kragtig op hulle uitgestort sal word, sodat hulle leiers kan wees wat die gemeente nader aan Jesus sal bring.

## Kom ons BID

Hier is ‘n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees kragtig in jou lewe sal werk en jou ’n sterk leier in die Adventistekerk sal maak in die laaste dae van hierdie wêreld..

2. Bid dat Jesus vir jou geleenthede sal gee om ‘n leier te wees om baie mense voor te berei vir Jesus se wederkoms.

# Die Heilige Gees

## LEI ONS ALTYD NA DIE BYBEL TOE

“Hou styf vas,” sê Orél. “Ons is amper daar.”

Lukas kyk om hom rond terwyl hy Orél se hand styf vashou. Hulle het deur die groot, uitgestrekte heelal gevlieg. Lukas het ongelooflike dinge gesien! Hulle het baie naby reuse sterre van vuur verbygeskiet, en hulle het niks oorgekom nie. Sjoe!

Aan die begin het Lukas probeer om die planete te tel, maar ná ’n rukkie was hy heeltemal deurmekaar. Daar was net té veel ligte, kleure en flitsende sterre. Hulle was al vir ’n paar dae op pad. Dit was heeltemal ongelooflik!

“Ons is hier,” sê Orél toe ’n reuse, ligblou planeet met ringe en ’n paar mane vinnig naderkom. “Ons gaan hier in,” sê hy en wys na ’n deel van die planeet. Hulle het vinnig begin sak. ’n Paar minute later staan hulle in ’n pragtige vallei vol reuse groot bome met heerlike, sappige vrugte..

“Ek het vir julle gewag,” sê ’n rustige stem. “Ek is al ’n paar dae hier. My vriend Moses het vir my gesê julle kom, so ek het ’n bietjie hier gerus voor ek julle moes ontmoet.”

“Baie dankie dat jy vir ons gewag het!” antwoord Orél gou. “Liewe Lukas, ek stel jou graag voor aan: Josua, Moses se opvolger, en die man wat die Israeliete in die Beloofde Land in geneem het.”

“Wow! Jy was een van my gunsteling Bybelkarakters! Wat ‘n voorreg om jou te ontmoet, Josua!” sê Lukas opgewonde. “Ek dink jy was baie mense se gunsteling op aarde.”

“Dis nie so ’n groot ding nie,” sê Josua vriendelik. “God het my baie voorregte op aarde gegee. Prys Sy Naam vir altyd! Ek wou net altyd Sy wil te doen deur aan Sy Woord gehoorsaam te wees.”

“Dit is waar!” sê Orél terwyl hy die drywende glas laat verskyn met ’n helder Bybelteks daaop. “Josua, ons ondersoek wat die Heilige Gees alles gedoen het toe Hy op die aarde uitgestort is, en ek het ’n interessante verwysing oor jou gekry.”

Orél begin Deuteronomium 34:9 lees: “Josua, die seun van Nun, was vervul met ‘n gees van wysheid, omdat Moses sy hande op hom gelê het. Die Israeliete het na hom geluister, soos die Here Moses beveel het. ”

“O ja! Ek onthou daardie dag baie goed. Ek was vreeslik bang,” sê Josua. “My vriend Moses het vir my gesê dat die Here my gekies het om die nuwe leier van die Israeliete te wees. Hoe moes ék die groot Moses vervang?! Ek het gevoel ek is nie goed genoeg nie, maar die Heilige Gees is oor my uitgestort en het my sterk gemaak. God het vir my die geheim gegee om ’n lewe van oorwinning te leef.”

“Kom ek wys julle,” sê Josua terwyl hy deur die tekse op Orél se drywende glas blaai. “Ek het dit in my Bybelboek geskryf. Hier, hier is dit, die geheim, in Josua 1:8–9.”

Hy begin toe met baie gevoel lees: "Hierdie boekrol van die wet mag nie uit jou mond verdwyn nie. Jy moet dit dag en nag mymerend prewel, sodat jy alles wat daarin geskryf is, nougeset kan nakom; want dan sal jy voorspoedig wees op jou pad; dan sal jy sukses behaal. Het ek jou nie beveel 'wees dapper en sterk' nie? Moenie paniekbevange wees nie en moet jou nie laat afskrik nie, want die Here jou God is by jou, oral waar jy gaan."

"Die belangrikste ding wat die Heilige Gees my geleer het," sê Josua opgewonde, "is dat ek die Bybel elke dag moet lees. Dit was my geheim toe ek die volk moes lei. Elke dag het ek die uitstorting van die Heilige Gees gevra deur God se Woord te oordink."

"Dis waar, Josua!" sê Lukas. "Ek onthou toe ek leer lees het, het Mamma en Pappa my aangemoedig om elke dag die Bybel te lees. Ek het soveel geleer van God se liefde! Daar was dinge wat ek eers nie verstaan het nie, maar bietjie vir bietjie het dit vir my begin duidelik word."

"Presies! Dit gebeur omdat die Heilige Gees aan dié wat God wil leer ken gegee word, en Hy help hulle om die Bybel te verstaan," sê Josua ernstig. "Dieselfde Gees wat die Bybel geïnspireer het, is die Een wat daarvan hou vir ons van Jesus te leer."

"Ek het dit so geniet om te sien hoe jy die Bybel van kleins af lees, liewe Lukas!" sê Orél ernstig. "Jy kon my nie sien nie, maar ek was daar — bly en dankbaar — want ek het geweet jy is 'n seun met 'n goeie hart wat na Jesus soek."

"Dankie, Josua, dat jy my herinner het aan daardie mooi tye toe ek die Bybel gelees het," sê Lukas. "En dankie, Orél, vir jou geselskap. Die Bybel het my mos gesê ek is nooit alleen nie — 'die engele van die Here' was langs my. Wow!

"My liewe kind, dit is wonderlik dat jy die Bybel jou kaart gemaak het," sê Josua vrolik. "Dis hoekom jy in die hemel is — want jy het die Skrywer, Jesus, self leer ken."

"Wat doen Orél nou?" vra Josua.

"Ons moet gaan, Lukas. Ek het reeds ons volgende bestemming gekry," sê Orél en wys na die drywende kaart met nog 'n rooi, flikkerende kolletjie. "Dit lyk my ons gaan terug na die Nuwe Jerusalem toe.""

"O, dis wonderlik!" sê Josua. "Ek gaan ook binnekort terug daarheen. Ek is op reis saam met my maat, jy ken hom seker — sy naam is Kaleb. Op die aarde het hy altyd daarvan gehou om berge te oorwin. Hier wil hy die eerste een wees wat al die wêrelde verken!" Josua lag lekker. "Wel, ek moet ook gaan. Kaleb is al 'n paar dae voor my. Veilige reis, vriende!"

"Veilige reis, Josua!" sê Orél en Lukas gelyk.

En weer het hulle vinniger as die spoed van lig deur die heelal geblits.

---

✓ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

.


Naam:................................................ Datum:.................... Handtekening .......................................



Adventist Children's Ministries

## Kom ons WERK!

Lees Hebreërs 1:2 en verf of kleur die prent van die groot reis deur die heelal in. Skryf in jou eie handskrif die volgende woorde in die blokkie: "Ek wil deur die heelal reis." Knip dan jou prent uit en  sit dit op 'n plek in jou huis of in jou kamer waar jy dit elke dag sal sien.



## Kom ons BID

Hier is 'n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe sal werk en jou sal lus maak om die Bybel elke dag te lees.

2. Bid dat die Heilige Gees jou sal help om Jesus in jou Bybel te leer ken.

# Die Heilige Gees

## MAAK ONS NUUT, AL MAAK ONS FOUTE

"Koel! Super-koel! Wat *is* hierdie plek?" vra Lukas nuuskierig. "Dit is alles só mooi! En wat is daardie ding daar oorkant?"

"Ons is nou in die troonsaal van God, hier in die Nuwe Jerusalem," sê Orél met groot respek.

"Hierdie is een van die mees heiligste plekke in die hele heelal, Lukas. Onthou jy die Rivier van die Water van die Lewe wat ons 'n rukkie terug gesien het?"

"Ja, dit kan 'n mens nooit vergeet nie," sê Lukas en kyk na Orél.

"Hier is waar daardie rivier begin. Kyk daar," sê Orél en wys na die onderste deel van die groot goue troon wat in die middel van die groot saal staan.

"Ek sien dit—dit lyk kristalhelder! Beteken dit ons is in die hartjie van die Nuwe Jerusalem? Hierdie plek is ongelooflik, Orél! Wat kom ons hier doen?" vra Lukas..

"Nie *wat* nie, maar *wie* kom ons sien," antwoord Orél met 'n glimlag. "Laat ek jou iets van myself vertel. Ek is een van die engele wat in die hemelse koor vir God sing. My plek is op een van hierdie platforms hier in die middel. Dit is 'n baie groot voorreg."

"Jy móét my leer sing!" sê Lukas opgewonde. "Ek was nog nooit goed met musiek of sang nie... Ek wens ek het dit op aarde geleer."

"Dis nooit te laat om te leer nie, Kindjie—veral as jy 'n hele ewigheid het om dit te doen," sê 'n baie aantreklike man in pragtige klere.

"Daar is jy, my ou vriend!" sê Orél en gooi sy arms oop om die man te groet. "Lukas, ek stel jou graag voor aan Koning Dawid."

"Regtig? Ek kan dit nie glo nie! Koning Dawid self—watter voorreg!" roep Lukas uit.

"Ja, dit is regtig ek," lag Dawid. "Maar hier in die hemel is ek nie 'n koning nie. Daar is net Eén Koning en Here—ons Verlosser Jesus."

Orél trek die drywende glas nader en wys na 'n Bybelteks. "Hierdie keer het ek dit darem vinnig gekry! Dawid het soveel tekse wat na hom verwys," sê Orél opgewonde. "Dawid, my vriend, sal jy asseblief hierdie vers lees?"

David lees Samuel 16:13 hardop: "Samuel het die horing met olie geneem en hom daar tussen sy broers gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af en ook verder van Dawid besit geneem. Samuel het toe opgestaan en na Rama toe gegaan."

"Ek onthou daardie dag baie goed," sê Dawid. "My broers en my pa was so verbaas..."

“My liewe vriend Dawid, Lukas is besig om oor die Heilige Gees te leer en hoe Hy met mense op aarde gewerk het,” sê Orél. “Kan jy vir ons van jóú ervaring vertel?”

“O vriende,” antwoord Dawid terwyl hy diep dink, “wat kan ek sê wat julle nie al in die Bybel gelees het nie?! Ek was maar net ’n jong skaapwagtertjie, die heel jongste van al my broers, en tog het God my gekies om koning oor Israel te word. Ek was nog baie jonk. Die Heilige Gees het my gesalf en gehelp om baie talente te ontwikkel.

“Ek het goed geword in politiek en leierskap; ek het pragtige musiek geskryf; ek het daarvan gehou om mooi plekke te bou. Ek het baie beroemd geword, en die mense het my liefgehad…maar stadig maar seker het my hart van God af begin wegdryf.

“Ek het verskriklike dinge gedoen. As koning moes ek die geestelike voorbeeld vir Israel wees, maar soos die tyd verloop het, het ek trots, bedrieglik en selfs ‘n misdadiger geword. Ek het ’n onskuldige, eerlike man laat doodmaak net om sy vrou te kry.”

Orél en Lukas het stil geluister, sonder om ’n woord te sê.

“Waar was die jong seun wat deur die Heilige Gees gesalf is?” fluister Dawid, terwyl groot trane oor sy wange rol. “Maar ek huil nie oor die sonde wat ek gedoen het nie. Ek huil trane van dankbaarheid, want ons goeie God het my vergewe en vir my ’n tweede kans gegee, al het ek soveel foute gemaak.

“Jesus het my skoon gewas, en ná daardie verskriklike ervarings is die Heilige Gees weer oor my uitgestort om my te help om die mense van Israel terug te bring—weg van hul verkeerde dade af en terug na God toe met hul hele hart.”

“Wat ’n diep en kragtige storie!” sê Lukas terwyl hy sy trane met die punt van sy mantel afvee. “Dankie, Dawid, want deur jou ervaring het ons groot lesse geleer… God is goed, Hy vergewe, en Sy Gees maak ons nuut.”

“Dis waar, my klein vriend,” sê Dawid en kyk met groot respek na die troon. “God is só goed dat Hy my toelaat om naby Sy troon en die engelekoor te wees. Ek is besig om musiek vir die koor te skryf; wie weet, dalk sing die engele dit nog eendag vir ons God.”

“Natuurlik sal ons jou liede sing, Dawid,” sê Orél met ’n breë glimlag. “Die engele ken jou fantastiese musiektalent. Miskien sing jy selfs saam met ons. Die tyd het vinnig verbygevlieg, Lukas—ons moet al oppad wees na die volgende plek toe.”

‘n Rooi kolletjie het reeds op die kaart geflikker, net oos van die Nuwe Jerusalem.

“Ek sal weer vir jou kom kuier, Dawid,” sê Lukas. “Jy weet waar om my te kry,” sê Dawid met ’n knipoog. “Totsiens, julle!”

---

✓ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:.................................................... Datum:.................... Handtekening ........................................

## Kom ons WERK!

Die verhaal van Dawid wys vir ons dat God ons kan vergewe en ons heeltemal kan skoonmaak van alles wat ons verkeerd gedoen het. Daarom is vandag se uitdaging in twee dele verdeel:

**Is jy reeds gedoop?** *Doen hierdie:* Gesels met jou leraar of ouderling en vind uit wanneer die volgende nagmaal by jou kerk gehou gaan word. Neem deel aan die nagmaal en ervaar weer vergifnis van jou sondes.

**Is jy nog nie gedoop nie?** *Doen hierdie:* Praat met jou ouers, jou leraar of Christen onderwyser oor die moontlikheid om gedoop te word. Doen 'n Bybelkursus om meer van Jesus te leer en neem die besluit om jou hart vir Hom te gee.



## Kom ons BID

Hier is 'n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe uitgestort sal word en jou sal skoonmaak van elke verkeerde daad en gedagte.
2. Bid dat die Heilige Gees jou sal help om altyd getrou en gehoorsaam aan Jesus te wees.

# Die Heilige Gees

## HELP ONS OM GESOND TE LEWE

Bosse vol blomme en vrugte het in perfekte rye gestaan—elke soort bymekaar volgens hulle tipe. Pragtige skoenlappers het in die sonlig geflits en gefladder. Die ongelooflikste voëls het oor die groot, mooi veld gespring of rondgevlieg.

“Ons het by die Hemelse Boorde aangekom!” sê Orél en wys na die bosse blomme en rye vrugte. “Al is daar heerlike vrugtebome oral in die Nuwe Jerusalem, word byna elke denkbare soort vrug en groente hier geplant en geoes om al die mense in die Heilige Stad kos te gee.”

“Wow! Ek hoop broccoli proe darem lekkerder hier bo!” lag Lukas hard. “Op die aarde het ons nog vleis geëet, maar ek sien dat niemand dit hier doen nie.”

“Die antwoord is maklik,” sê ’n man wat tussen die bosse uitstap. Hy dra ’n pragtige wit kleed met ’n rooi rand onderaan.

“Toe God die aarde gemaak het, het Hy die mense gemaak om net plante en sade te eet. Daarin sou hulle alles kry wat hulle nodig gehad het om gesond te wees. Maar as gevolg van sonde het die mense van God se oorspronklike plan af wegbeweeg en begin om diere dood te maak vir kos.”

“God het toegelaat dat mense ná die sondvloed vleis kon eet,” voeg Orél by.

“Daar was nie baie groente oor ná die vloed nie! Maar selfs tóé het God gesê watter diere rein was om te eet en watter nie. Tog het mense al hoe verder van God se ideale plan af weg beweeg, en dit het groot probleme met hulle gesondheid veroorsaak.”

“Maar kom ons dink nie aan die hartseer verlede nie! Alles is nuut hier!” sê die man en steek sy hand na Lukas toe uit. “My naam is Johannes. Op die aarde het hulle my Johannes die Doper genoem, maar hier in die hemel is almal al ‘gedoop’ deur die Heilige Gees.” Johannes lag vrolik. “Ek het dus nie juis meer doopwerk om te doen nie, né?”

“Johannes die Doper! Dit is ’n ongelooflike voorreg!” sê Lukas opgewonde. “Die man wat die pad vir Jesus voorberei het. Wow! Ek is Lukas, en dit is Orél.

“Bly om julle te ontmoet!” sê Johannes terwyl hy hulle hande skud. “Ek kom baie graag hierheen. Ek hou daarvan om die wind te voel waai en deur die natuur omring te wees. In die stilte kan ek dink en meer leer oor my goeie Jesus. Hy was my neef op aarde, maar ek het nog altyd geweet Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld sal wegneem—en Hy hét dit gedoen!”

Orél staan nader met die drywende glas waarop ’n Bybelteks gemerk is. “Hier is ’n interessante vers oor ons vriend Johannes.” Hy wys na Lukas 1:15 en lees: “…hy sal groot wees in die oë van die Here. Hy sal glad nie wyn en gegiste drank drink nie. En hy sal reeds van voor sy geboorte af met die Heilige Gees gevul wees.”

“Ai, soveel herinneringe!” sê Johannes. “My pa Sagaria kon dit nie glo nie, en toe het God sy stem weggeneem tot op die dag wat ek gebore is. Ons terg hom nou nog soms daaroor...” lag Johannes.

“Ons leer op die oomblik oor die Heilige Gees,” vertel Orél vir Johannes. “Jou storie is baie

interessant. Jy is nog vóór jou geboorte gekies om mense se harte voor te berei om Jesus as die beloofde Messias te aanvaar. Die Heilige Gees is al oor jou uitgestort vandat jou ma jou verwag het. Wat het dit vir jou beteken?"

"Van kleintyd af het my ouers my geleer om God lief te hê en om te verstaan watter werk ek vir Hom moes doen," antwoord Johannes. "Die Heilige Gees is oor my uitgestort en het my gehelp om eenvoudig en gesond te leef, sodat ek die probleme kon hanteer omdat ek 'n boodskap moes preek wat baie mense nie wou hoor nie—veral nie die politieke en godsdienstige leiers van my tyd nie.

"Dit was baie moeilik…ek is vervolg, mishandel en deur die meeste mense verwerp. Maar my grootste vreugde was om te weet dat Jesus werklik die Messias was wat God deur die profete belowe het. Hy het elke beskrywing perfek vervul.

"Ek moes net uithou totdat Hy die grootste kon word—die Lig wat in die wêreld skyn en die donkerte wegjaag." Johannes se stem het van emosie gebewe.

"Die einde van my lewe op aarde was tragies…hulle het my kop afgekap en my oë het toegaan—totdat ek saam met die mense wat gered was opgewek is en my Verlosser in die wolke gesien het. Alles wat ek op aarde moes deurmaak, voel nou so min in vergelyking met die vreugde wat ons hier saam met Jesus beleef."

"Wow!" sê Lukas. "Ek weet nie of ek sou kon volhou soos jy nie, Johannes…"

"Die Heilige Gees het my gewys dat ek 'n gesonde liggaam nodig het," antwoord Johannes. "Ek moes berge opklim en afklim. Ek het honderde kilometers gestap om God se boodskap vir die mense te preek. Om gesond te wees het my baie gehelp—dit het my liggaam, my gedagtes en my gees sterk gemaak. Soos die vers sê, ek was van my geboorte af voorberei vir hierdie werk."

"Jou verhaal is so spesiaal," sê Lukas. "Wat gaan jy nou in die hemel doen?

"Dit is 'n baie goeie vraag, Lukas," glimlag Johannes. "Ek wil alles oor die natuur leer. Ek is nuuskierig oor hoe plante blomme maak, en hoe die blomme dan vrugte word. Hier in die hemelse boorde leer ek elke dag iets nuuts. Ek het mos 'n ewigheid om al God se wonderlike skeppingsgeheime te ontdek."

"Ons sal nog baie kans hê om te gesels, liewe Johannes," sê Orél terwyl die rooi kolletjie op die drywende kaart weer begin flikker. "Lukas, dit is tyd om te gaan. Kom!"

"Dankie dat jy vir ons meer oor die Heilige Gees verduidelik het, Johannes," sê Lukas. "Ek is seker ons sal mekaar weer sien."

En daarmee vertrek Orél en Lukas na hulle volgende kuierplek.

---

✔ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:…………………………………………… Datum:……………… Handtekening …………………………………


Adventist Children's Ministries

## Kom ons WERK!

1. Pak 'n mandjie of sakkie vol gesonde kos om vir iemand te gee wat honger is.

2. Vra jou ouers of onderwyser om saam met jou te gaan om die mandjie af te lewer.

3. Bid vir daardie persoon en vra jou ouers of onderwyser om jou te help om Bybelverse oor geloof in Jesus te kry wat jy vir iemand wat swaarkry kan lees.

## Kom ons BID

Hier is 'n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe uitgestort sal word en jou sal help om gesond te lewe.

2. Bid dat die Heilige Gees jou sal help om iemand te wees wat die boodskap van Jesus aan mense kan vertel.

# Die Heilige Gees

## Maak ons sterk wanneer ons swaarkry

“Dit is van pêrels gemaak!” Lukas was verstom terwyl hy deur een van die reuse-poorte van die Nuwe Jerusalem stap.

“Pêrelpoorte! Wow! As jy van hierdie kant af kyk, lyk hulle amper pienkerig…As jy jou kop so bietjie draai, word hulle pers…En as jy reguit kyk, lyk hulle amper wit met ’n tikkie groen-blou.”

“Indrukwekkend, né?” sê Orél. “Daar is twaalf poorte—drie aan elke kant van die Stad—en elkeen van hulle is ewe mooi. Ek het hulle al almal gesien.”

“Jesus is rêrig ’n ongelooflike argitek,” lag Lukas terwyl hy probeer om nóg ’n kleur in die weerkaatsing van die poort raak te sien.

‘n Entjie verder het ’n man gestaan, sy gesig na die horison en sy kop trots opgelig.

“Kom, Lukas, ek stel jou voor aan Stefanus,” sê Orél terwyl hy nader stap.

““Orél…sy kleed het dieselfde rooi rand aan die onderkant as die een wat Johannes aangehad het,” sê Lukas nuuskierig. “Ek het nog nie baie sulkes gesien nie. Myne is heeltemal wit. Wat beteken dit?”

“Halou, Stefanus,” groet Orél. “Ons is bly om jou hier te kry.”

“O, halou, dienaars van die Here!” antwoord Stefanus sag. “Jy is ’n engel, en jy—’n geredde kind van God. Mag ek weet wie julle is?”

“My naam is Lukas, en dit is my engel, Orél,” antwoord Lukas vinnig. “Dis ’n groot eer om jou te ontmoet, Stefanus. Ons is besig om te leer hoe die Heilige Gees in mense se lewens gewerk het.”

“Wat ’n wonderlike avontuur!” sê Stefanus opgewonde. “Ek dink ek moet dit ook doen. Toe ek Jesus aanvaar het, het die Heilige Gees my deur baie belangrike en moeilike oomblikke gelei. Hy het my ook spesiaal getroos die dag toe ek op aarde gesterf het.”

“Lukas het nou net gevra oor die verskil in jou klere,” sê Orél, en hy wys na die rooi rand onderaan Stefanus se kleed.

“Dit is ’n spesiale eer wat Jesus self vir ons gegee het,” sê Stefanus ernstig. “Dit wys wie van ons ons lewens gegee het vir ons geloof in Jesus. Op aarde het mense ons martelaars genoem; maar hier in die hemel is ons ’n simbool van getrouheid aan Christus. Die rooi kleur wys dat ons op aarde vir Jesus gesterf het.”

“Stefanus word as die eerste Christelike martelaar beskou,” verduidelik Orél aan Lukas terwyl hy op die drywende glas tussen die Bybelverse rondblaai. “Lukas, lees asseblief hierdie teks: Handelinge 7:55.”

Lukas het hardop gelees. Dit was in antieke Grieks, maar teen hierdie tyd was hy al gewoond daaraan om die antieke Bybeltale te lees:

“Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het stip na die hemel gekyk en die heerlikheid van God gesien, en Jesus wat aan die regterhand van God staan.”

“Dit was die laaste oomblik van my lewe op aarde,” sê Stefanus sag. “Ek het baie gely vir my geloof in Jesus. In my tyd was daar baie mense met slegte bedoelings teenoor die mense wat Jesus gevolg het.”

“Dieselfde het in my tyd gebeur,” sê Lukas vinnig. “Baie mense het dit vir Christene moeilik gemaak om getrou aan Jesus te bly.”

“Dis baie waar! Jy wou weet hoe die Heilige Gees in my lewe gewerk het,” gaan Stefanus voort. “Dit was ongelooflik… Die Heilige Gees is oor my uitgestort, en ek het ’n groot evangelis vir Jesus geword. Ek was ’n sterk instrument in Sy hande. Baie mense het hulle harte en lewens vir Jesus gegee as gevolg van die wonderwerke wat die Heilige Gees deur my gedoen het.

“Die teenstand en lyding wat ek heeltyd ervaar het, het niks vir my beteken nie, want ek het geweet my goeie Jesus sou my eendag na die Nuwe Jerusalem bring om vir altyd by Hom te leef. En dit het presies so gebeur!

“Toe my lewe op aarde aan ’n einde gekom het—in daardie oomblik van vrees en pyn—het die Heilige Gees my weer krag gegee en vir my Jesus se gesig gewys waar hy vir my in die hemel wag. Met daardie sekerheid in my hart het ek niks gevoel van wat my vyande aan my gedoen het nie… Ek het net my oë toegemaak en rustig aan die slaap geraak, veilig in God se Liefde.

“Toe ek weer my oë oopmaak, was my liggaam heel en gesond, en Jesus was reg hier by hierdie poort van die Stad om my te verwelkom! Dis hoekom ek so graag hierheen terugkom. Dit herinner my aan hoe goed Jesus vir my was. Hy het self vir my hierdie kleed met die rooi rand gegee. Ek voel so onwaardig vir so ’n groot eer.”

“Wat ’n ongelooflike storie, Stefanus!” sê Lukas, met trane in sy oë. “Ek kan net dink wat jy vir Jesus deurgemaak het.”

“Ons het nou geleer dat die Heilige Gees by die getroue volgelinge van Jesus gebly het en hulle getroos het,” sê Orél terwyl hy die drywende kaart nader trek. “Baie dankie dat jy dit met ons gedeel het, Stefanus.”

“Dit was vir my ’n groot voorreg om my storie vir julle te kon vertel,” sê Stefanus met ’n breë glimlag. “Kom gerus enige tyd weer.”

“Waarheen nou, Orél?” vra Lukas, terwyl hy na die flikkerende rooi kolletjie suid van die Stad kyk. “Nog ’n geestelike avontuur? Ek leer só baie uit hierdie gesprekke!

“Wie gaan ons volgende verras? Kom ons gaan!”

---

✓ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:…………………………………………… Datum:………………… Handtekening …………………………………

## Kom ons WERK!

Gebruik jou kunstigheid om ’n spesiale kaartjie te maak vir iemand wat deur ’n moeilike tyd gaan. Skryf vir hulle ’n mooi boodskap en vertel hulle dat Jesus hulle baie liefhet en graag vir altyd by hulle wil wees. Vra jou ouers, jou predikant of jou onderwyser om jou te help om die kaartjie by die persoon af te lewer.

## Kom ons BID

Hier is ‘n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe uitgestort sal word en jou krag sal gee vir die probleme wat jy dalk het.

2. Bid dat die Heilige Gees jou sal help om Jesus altyd te vertrou.

# Die Helige Gees

## HELP ONS OM MENSE NA JESUS TOE TE BRING

Die drywende kaart het gewys dat hulle op die regte plek was...

"Hier is dit," sê Orél en wys na die suidelike muur van die Nuwe Jerusalem. "Maar ek kan nie mooi sien waar die persoon is vir wie ons soek nie."

"Hy sal seker nou-nou opdaag," sê Lukas terwyl hy na die hoë stadsmuur kyk wat van jaspis gemaak was. Die muur het baie kleure weerkaats—rooi, geel, bruin en donkergroen-blou. "Kyk net hoe mooi is hierdie muur!"

"Dis nie net die muur nie—het jy die fondasies gesien?" vra Orél, wat oral rondkyk, terwyl hy probeer uitmaak waar die persoon is wat volgens die kaart baie naby moes wees.

"Wow! Só baie edelstene! Ek herken net 'n paar van hulle."

"Hier is jaspis, soos in die muur; en hierdie groen stene moet smaragde wees. En kyk daar—daardie donkerbloues is seker saffiere…"

Skielik, uit die bloute, verskyn daar 'n man agter Lukas.  "Jong man, jy het 'n baie goeie oog vir detail—en ek moet sê, 'n baie nuuskierige brein ook," sê hy met 'n glimlag.

"Lukas, laat ek jou voorstel aan Filippus, die Evangelis," sê Orél met 'n breë glimlag. "Hy hou baie daarvan om dramatiese verskynings te maak, en vandag was geen uitsondering nie! Vir 'n oomblik het ek gedink my kaart maak 'n fout. Maar dit is so lekker om jou te sien, Filippus—of was dit jy wat óns gesien het?"

"Ek het julle 'n paar minute gelede sien aankom en toe besluit ek om julle te verras," sê Filippus.

"Ek onthou dat ek het êrens gelees het dat jy direk deur die Heilige Gees gelei is," sê Lukas terwyl hy diep dink. "Orél, wat sê die Bybel oor Filippus?"

"Dit sê baie dinge, Lukas. Filippus was 'n kragtige instrument in God se hande," sê Orél terwyl hy op die drywende glas na 'n teks soek.

"Julle praat oor my terwyl ek reg hier by julle staan!" lag Filippus. "Ek kan self vir julle sê hoe wonderlik dit was om saam met die Heilige Gees te werk. Ek het soveel stories om te vertel."

"Ons is besig om te leer wat die Heilige Gees gedoen het toe Hy in die lewens van sommige van Jesus se volgelinge gewerk het," sê Lukas opgewonde. "In jou geval het die Heilige Gees jou gebruik in die belangrike taak om mense na Jesus toe te bring."

"Dis waar!" sê Orél. "Hier is 'n baie spesiale oomblik waarvan jy moet hoor. Ek gaan Handelinge 8:29 lees.  Die Bybel sê: 'Toe sê die Gees vir Filippus, "Gaan nader en bly by daardie wa."' Filippus, het die Gees jou regtig direk na iemand toe gelei sodat jy hom kon help om Jesus te leer ken?"

"O ja! Dit was beslis die Heilige Gees!" antwoord Filippus vinnig. "Van die dag dat ek Jesus leer ken het, het my hart gebrand van verlange dat Hy gou moes terugkom. Toe ek na die apostels luister, het ek verstaan dat die evangelie aan elke nasie, stam, taal en volk vertel moes word voordat Jesus kan terugkom.

"Toe besluit ek om 'n evangelis te word—iemand wat die goeie nuus van Jesus preek—sodat ek Hom in my eie leeftyd kon sien terugkom. Dit was toe dat die Heilige Gees in my lewe uitgestort is, en ek het my net deur Hom laat lei in die groot werk om mense wat verlore is te red."

"Wat 'n wonderlike verhaal, Filippus!" sê Lukas. "Ek wou ook altyd 'n prediker op aarde gewees het. Het die Gees jou regtig na 'n wa in die middel van die pad gestuur? Wat het toe gebeur?"

"Ek was nou net van plan om dit te vertel," sê Filippus. "Die Heilige Gees het my gelei om met 'n man van Ethiopië te praat. Hy het ver gereis om na Israel toe te kom om van Jesus te leer, maar niemand daar het dit vir hom mooi verduidelik nie. Hy was oppad terug huis toe—verward en baie moedeloos.

"Maar die Gees het geweet wie regtig wou weet wie Jesus is, en Hy het ons reguit na hulle toe gestuur," sê Filippus bly. "Die res van die verhaal is hoe die Gees in húlle lewens gewerk het en hulle dissipels van Jesus gemaak het, en hulle gehelp het om die sendingwerk voort te sit…"

"Daar is jy, my vriend Filippus!" sê 'n diep, rustige stem agter hulle. Die drie draai om.

"Ons praat nou net oor jou!" sê Filippus terwyl hy nader draf om die man 'n drukkie te gee. Vriende, ek stel julle voor aan my vriend uit Ethiopië—ja, die een wat in die wa was en langs die pad gedoop is. Ek het hom weer hier in die Heilige Stad ontmoet!"

"Dis lekker om julle te ontmoet, vriende van Filippus," sê die Etiopiër vriendelik. "Vergewe my dat ek Filippus moet wegneem, maar daar is meer as 500 mense wat in Ethiopië vir Jesus gekies het—te danke aan God en my sendingwerk—en hulle is nou ook hier in die hemel! Hulle wil álmal vir Filippus bedank. Ek moet hom gou soontoe vat. Maar moenie bekommer nie—ons gaan nog baie tyd hê om te kuier."

"500 mense wat gered is! Wow!" roep Lukas en Orél gelyk uit. "Geen probleem nie—ons sien jou later, Filippus!"

Orél skakel die drywende kaart aan, druk 'n paar knoppies, en die bekende rooi liggie begin weer flikker……

"Jy gaan nie die volgende persoon wil mis nie," sê Orél opgewonde. "Selfs ek kan nie wag om hom te sien nie. Is jy reg?"

"Nou maak jy my ook opgewonde! Kom ons gaan!" sê Lukas.

---

✓ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:…………………………………………… Datum:……………… Handtekening …………………………………

## Kom ons **WERK!**

Met jou ouers se hulp, kies een van die volgende aktiwiteite.

1. Leer Psalm 23, of enige ander Psalm, uit jou kop uit en vra jou predikant of onderwyser of jy dit by die kerk of by die skool kan opsê.

2. Berei ‘n kort preek of dagstukkie voor en deel dit met jou familie, jou vriende of, indien moontlik, by jou kerk of skool.

## Kom ons **BID**

Hier is ‘n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe sal werk en jou altyd sal help om Jesus se sendingwerk te doen.

2. Bid dat die Heilige Gees jou sal help om ander mense van Jesus te leer sodat hulle Hom sal kies.

# Die Heilige Gees

## MAAK ONS GOD SE KINDERS

“Welkom in die hart, van die Nuwe Jerusalem, die groot hoofplein,” sê Orél vir Lukas.

“Kyk na die fonteine! Hierdie plek is verskriklik mooi!” roep Lukas uit terwyl hy na ’n groot fontein met blompatrone in die middel van die plein hardloop.

“Daar is baie mense hier. Daar agter lyk dit soos ’n amfiteater, en baie van die verlostes luister aandagtig na iemand wat praat,” sê Lukas, terwyl hy probeer om alles op een slag raak te sien en te hoor.

“Ons moet soontoe gaan,” sê Orél en wys na die groot amfiteater. “Daar is seker meer as ’n miljoen verlostes bymekaar. Kom ons wag ’n bietjie om met die persoon daar voor te praat.”

“Orél, wat is daardie gebou daar?” vra Lukas en wys na ’n enorme gebou aan die een kant van die plein. By die ingang sweef die beeld van ’n oop boek bo-op ’n pilaar.

“Ek sal jou later wys,” sê Orél. “Dit is die Rekordkamer van die hemel, waar elke mens wat op aarde gelewe het se lewensverhaal opgeskryf is.”

Op daardie oomblik klink ’n groot applous en ‘Halleluja!’ reg oor die plein. Die spreker het klaar gepraat, klim van die verhoog af, en toe begin die koor van engele te sing.

“Kom!” sê Orél en vat Lukas se hand. Hulle hardloop amper terwyl hulle ’n man agternasit wat ’n wit kleed met ’n rooi rand onder dra. Hulle haal hom net agter die amfiteater in.

“Paulus! Paulus!” roep Orél. “Wag vir ons—ons wil graag met jou praat!”

Paulus draai om, kyk stip na hulle en glimlag breed.

“Orél en Lukas—is dit regtig julle?” vra Paulus, asof hy hulle al lankal ken.

“Wow!” sê Lukas en kyk verbaas na Orél. “Hoe ken jy ons?”

“My goeie vriend Stefanus het vir my vertel dat julle hom ontmoet het en dat julle mense soek wat op ’n spesiale manier deur die Heilige Gees gebruik is,” sê Paulus steeds glimlaggend. “Toe weet ek sommer dat ek julle ook gou-gou sal sien.”

“Paulus, jy’s ongelooflik!” sê Lukas opgewonde. “Ek het jou altyd bewonder. Jy was so ’n goeie voorbeeld vir my op aarde.”

“Ag, Lukas!” sê Paulus sag. “Jou woorde beteken so baie vir my. Maar ek was maar net ’n gewone mens wat die eer gehad het om ’n soldaat van Jesus te wees.”

“Nie net ‘n soldaat nie—baie meer as dit,” sê Orél. Hy was die grootste leier in God se weermag wat nog ooit op aarde geleef het.”

"Ag vriende, julle prys my te veel," lag Paulus. "Maar die eer behoort net aan God—aan ons Grootste Leier, Jesus! Net aan Hom!"

Orél wys vir Lukas 'n vers op die drywende glas—Romeine 8:14: "Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God."

"Paulus, verduidelik asseblief vir ons—hoe maak die Heilige Gees van mense God se kinders?"

"Wat 'n wonderlike vraag!" sê Paulus. "Dit is 'n diep geestelike vraag, maar laat ek probeer om dit eenvoudig te verduidelik: Elke persoon wat gedoop is, het die seën van die Heilige Gees ontvang. Op daardie oomblik begin die Gees stilletjies in hulle harte werk en hulle begin van binne af verander..

"So word elkeen wat Jesus as sy Verlosser aanneem, gedoop word, en probeer om soos Hy te leef, deel van 'n kind van God en deel van God se familie. Dis hoekom ons hier is! In die Nuwe Jerusalem is ons almal kinders wat Jesus aangeneem het."

"Die Heilige Gees wat uitgestort word, maak van ons kinders van God," sluit Paulus af.

"Dit was 'n bietjie moeilik, maar ek dink ek verstaan," sê Lukas terwyl hy sy kop krap. "Ek is deel van God se familie omdat die Heilige Gees my verander het…is dit reg?"

"Heeltemal reg!" sê Paulus. "Selfs ek is aangeneem. Kan julle julle indink wat van my sou geword het as Jesus my nie op die pad na Damaskus geroep het nie? Ek kry koue rillings as ek daaraan dink."

"Kom ons dank die Here dat Hy ons die eer gegee het om Sy kinders te wees," sê Orél. "Paulus, ek dink jy moet teruggaan amfiteater toe—van die verlostes roep jou."

"O ja! Verskoon my, vriende…my plig roep!" Paulus knipoog vir Lukas en stap terug na die amfiteater toe.

"Paulus is 'n baie slim man," sê Orél. "Op die aarde het God hom gebruik om selfs met konings en belangrike leiers te praat. En hier in die hemel is sy vermoëns nog groter—hy praat oor ongelooflike dinge, selfs saam met die engele. Almal wil hom hoor praat!"

"Ek wil weer met Paulus gesels," sê Lukas. "Ek het nog so baie vrae…Waarheen gaan ons nou, Orél?"

"Na 'n plek wat jy baie goed ken, klein Lukas," sê Orél sag. "Dit is vir my 'n groot eer om weer saam met jou te reis."


---

✓ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:.................................................. Datum:.................... Handtekening ......................................

## Kom ons WERK!

Verf of kleur die prent in waar Paulus met die mense die Nuwe Jerusalem praat. Skryf in jou eie handskrif die volgende woorde in die blokkie: “Ek sal my geliefkoosde mense uit die Bybel in die hemel ontmoet.” Knip dan jou prent uit en sit dit op ’n plek in jou huis of in jou kamer waar jy dit elke dag sal sien..



## Kom ons BID

Hier is ‘n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe sal werk en jou ‘n kind van God sal maak.

2. Bid dat die Heilige Gees jou sal help om getrou te bly aan die familie van Jesus.

# Die Heilige Gees
## OP DIE AARDE

“Lukas!  Ek roep nou al tien minute…ek wil jou nie uit jou kamer kom haal nie!”

Lukas maak sy oë stadig oop. “Waar is ek?” vra hy saggies.

“Lukas! Jy gaan laat wees vir skool,” sê Mamma by die deur. “Pappa sit al in die kar en wag ...Trek gou aan, my seun!”

“Mamma! Ek’s by die huis,” sê Lukas en gee haar ‘n stywe drukkie.

“Waar anders sal jy wees, my kind?” sê sy, terwyl sy hom ’n soentjie op sy voorkop gee. “Maar jy moet gou maak, asseblief. Vandag is die eerste dag van skool, en jy wil dit nie mis nie.”

“Mamma! Ek was in die hemel! Ek het ander wêrelde besoek, ongelooflike dinge gesien en met mense uit die Bybel gepraat,” sê Lukas opgewonde.

“Ek dink jy het ’n baie spesiale droom gehad,” antwoord sy. “Maar jy kan my later alles vertel. Kom ons bid eers en bedank God dat Hy jou beskerm het deur die nag.”

Hulle kniel langs die bed en bid. Lukas maak hom gereed vir skool. Mamma het sy ontbyt en kosblik reg, en Pappa wag in die motor om hom by die skool af te laai oppad werk toe.

In die motor vra Lukas: “Wie sal Pappa graag in die hemel wil ontmoet?

“O, baie mense,” antwoord Pappa terwyl hulle ry. “Moses, Dawid en Paulus…”

“Ek het hulle al almal ontmoet!” sê Lukas vinnig. “Of… ek het gedroom ek praat met hulle. Die Nuwe Jerusalem is pragtig. Pappa kan nie glo hoeveel dinge ek daar gesien het nie…”

“Eendag sal ons saam daar wees—jy, Mamma en ek,” sê Pappa. “Maar vir ons drie om hemel toe te gaan, moet ons getrou bly aan God en ons kant bring. Het jy jou Bybel by jou?” vra Pappa. “Maak dit oop by Handelinge 1:8 en lees dit vir my, my seun.”

Lukas lees, “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde.”

“Om hemel toe te gaan, moet ons die Heilige Gees ontvang en sendingwerk vir God doen,” verduidelik Pappa. “Die Heilige Gees moet in ons lewens werk sodat Jesus ons kan gebruik om ander mense te red. Só sal baie mense daarvan hoor dat Hy binnekort op die wolke gaan kom…”

“Dis waar, Pappa,” sê Lukas. “Pappa is reg. Mag ek begin om die Bybel saam met my klasmaats, wat nie Christene is nie, te studeer?”

“Natuurlik, my seun!” sê Pappa. “Om aktief deel te wees van God se sendingwerk sal jou geestelik sterk maak, en jy sal doen wat Jesus beveel het. Daarom sal die Heilige Gees jou help

om God se plan vir jou lewe uit te voer."

"Pappa, ek wil 'n prediker wees soos Paulus," sê Lukas opgewonde. "Ek weet ek het nog 'n lang pad om te gaan, maar ek wil nou al begin!"

"My seun… jy weet nie hoe bly jy my nou maak nie," sê Pappa terwyl hy 'n traan wegvee. "Dis die mooiste ding wat ek nog gehoor het."

"Pappa, ek gaan ook mooi na my liggaam kyk en ophou vleis eet," sê Lukas vasberade. "Johannes die Doper het my geleer dat ek gesond moet wees as ek wil hê God moet my gebruik."

"Sjoe, Lukas…" sê Pappa. "Dit mag dalk 'n bietjie moeilik wees. Maar ek en Mamma sal kyk wat ons kan doen. Kom ons neem dit stap vir stap, reg?"

Hulle stop voor die skool. Lukas gee vir Pappa 'n soentjie en hardloop na sy klas. Hy gaan sit in een van die voorste banke. "Ek gaan hard werk om soveel te leer as wat ek kan," dink hy vasberade, "sodat ek nuttig kan wees vir God en help om baie mense van Jesus te vertel. Ek wil hê Jesus moet in my leeftyd terugkom. Ek wil hemel toe gaan en alles beleef waarvan ek gedroom het."

Die Heilige Gees was oor Lukas se lewe uitgestort en het sy hart begin verander—die hart van 'n klein seuntjie van net agt jaar oud.

"Hi, my naam is Lukas," sê hy vir die meisie wat langs hom kom sit.

"Hi Lukas, my naam is Amanda," antwoord die meisie skaam.

"Amanda, wil jy dalk saam met my en 'n paar van my vriende Bybelstudie doen?

"Mmm… ja… dit sal lekker wees," sê Amanda sag.

"Wonderlik!" sê Lukas vrolik. "Ek sal so gou as moontlik vir jou die Bybelstudie rooster gee." En so het Lukas het sy eerste Bybelstudent gekry!

Sonder dat Lukas dit geweet het, het Orél in een van die leë banke agter in die klas gesit en geglimlag.

"Jy sal nog 'n groot werk vir die Here doen, liewe Lukas," dink Orél. "Nog net 'n klein rukke, dan sal ons mekaar weer sien en weer ongelooflike dinge saam met Jesus in die hemel te beleef."

## DIE EINDE

---

✔ **Ek het vandag se stukkie gelees.**

Naam:................................................... Datum:.................... Handtekening ....................................

## Kom ons **WERK!**

1. Maak 'n lys van 5 van jou vriende wat Jesus nie ken nie.

2. Bid vir hulle en vra of hulle die Bybel saam met jou wil studeer.

3. Vra jou ouers om jou te help en reël 'n Bybelstudieklas en gee Bybelstudies vir jou vriende.

4. As hulle oud genoeg is, **nooi hulle om Jesus aan te neem** en as hulle eie Verlosser te kies deur gedoop te word.

## Kom ons **BID**

Hier is 'n paar idees vir gebed. **Bid baie kere deur die dag.**
Onthou om vir jouself en ook vir jou familie en vriende te bid.

1. Bid dat die Heilige Gees in jou lewe uitgesort sal word en jou 'n sterk instrument sal maak in die werk van God.

2. Bid dat die Heilige Gees vir jou van die lede van jou gesin of familie en van jou vriende sal gee saam met wie jy die Bybel kan bestudeer sodat jy hulle kan help Jesus te leer ken.

# BELANGRIKE NOTAS


Adventist
Children's Ministries